# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Laat die groep terugdink aan bekende mense in die geskiedenis, byvoorbeeld: Jan van Riebeeck, Nelson Mandela of selfs koning Dawid.

Gesels saam:

- Watter van hierdie persone sou julle wou terugbring uit die dood?
- Wat sou julle vir hulle wou vra?

## WONDER

Lees Johannes 11:17-44 saam.

Gesels saam:

- Waarom dink julle het Jesus gewag voordat Hy na Lasarus toe gegaan het?
- Hoe dink julle het Martha en Maria gevoel toe Jesus "te laat" gekom het?
- Ons lees in die verhaal dat Jesus gehuil het. Wat leer die vir ons van Jesus?
- Hoe dink julle het die mense gereageer toe Lasarus uit die graf gestap het?
- Wat beteken Jesus se woorde: "Ek is die opstanding en die lewe"?

## WEES

Lasarus se opwekking is 'n baie moeilike verhaal. Baie mense het al by siek geliefdes se beddens gebid vir genesing. Dalk het van die jongmense in die groep dit al beleef. Soos in hierdie verhaal, sterf daardie geliefde soms. Anders as in dié verhaal, staan hulle nie ná vier dae uit die dood op nie. Jesus het vir Martha en Maria herinner: "Ek is die opstanding en die lewe." Dít is nou nog waar. Ons gee nie geliefdes wat sterf aan die dood oor nie, want hulle is by Jesus. Net soos Jesus by Martha en Maria was, is God by ons.

Gee vir elke jongmens 'n stuk klei of 'n skoon vel papier en laat hulle 'n eenvoudige grafsteen of graf maak. Hulle kan dan daarop skryf: Ek is die opstanding en die lewe. Dit sal hulle herinner dat Jesus groter as die dood is.

Gesels saam:

- Het jy al ooit 'n tyd beleef waar jy gevoel het God kom "te laat"? Hoe het jy dit hanteer?
- Wat beteken die volgende afleiding oor die teksgedeelte vir jou: Jesus ontmoet jou waar jy is wanneer jy hartseer is.

## WEGSTUUR

Lei 'n tyd van reflektiewe gebed, terwyl julle na 'n lied luister met temas van hoop en troos. Oorweeg

rustige **Taize-musiek (https://www.youtube.com/watch?v=go1-BoDD7CI&list=PLDA6158B7937D919F)** of kies musiek waarvan die groep hou. Liedere soos "**Wees stil en weet (https://www.youtube.com/watch?v=SF-bUJBPZUM)**", "**Alles vir my (https://www.youtube.com/watch?v=DnvMfI06T7Q)**", "**10 000 reasons (https://www.youtube.com/watch?v=XtwIT8JjddM)**" of "**Broken vessels (https://www.youtube.com/watch?v=uz9xKtRhpjc)**" kan goed werk.

---